
- Registreer asseblief by Hermien (tel: 012-440 6525 | e-pos: hermien@noordsin.co.za) of kliek **HIER** om te registreer.
- Koste: Waarnemers betaal R150.00 per persoon in die volgende rekening:
  Nedbank, Pretoria
  Tjekrekening
  Rekeningnaam: NG Noordelike Sinode
  Takkode: 149745
  Rekening nr: 1497016339 - **Verwysing**: *Voorletter, Van en "Gas – 13 Feb"*

** Finale inligtingsbrief: kliek hier – maak asseblief die inligting bekend.

** Kom ons luister na mekaar: *Standpunte en beskrywingspunte* kan nou alreeds aan Hermien Swart of Immanuel van Tonder gestuur word wat dit dan op ons sinode se webbladsy sal laai. Kliek hier om te sien wat alreeds gelaai is.

### ❖ Bybel-lees met 'n verskil:



** Byeenkoms: Dinsdag, 3 Februarie 2015 om **11:00** by **Blue Crane Restaurant** -
*Teksgedeelte*: Jesaja 40:21-31.
>> *Fanie Cronjé* (083 415 1452) en *Kobus Myburgh* (083 227 7185) ontmoet jou graag daar.

## Kollega nuus



### Claudi le Roux se lewe word gevier

**Ds Claudi le Roux,** leraar van Valhalla, is verlede Vrydag oorlede na 'n ernstige motorongeluk. Sy is die dogter van dr Roelf Oppermann van Kameeldrif.
Haar dankdiens het Woensdag vanuit Kameeldrif plaasgevind.
* Haar man Ewald het die volgende gesê: *"Ek vra dat julle saam met my haar legacy sal laat voortleef, gaan doen iets selfless vir iemand anders en verwag niks terug nie."*
** Kliek hier vir die blad wat spesiaal ter ere van haar en haar lewensuitkyk geskep is: https://www.facebook.com/500YellowBalloons?fref=nf

### ❖ Beroepe en bevestigings

**Dalunie**: het proponent Rocco De Ville van Niekerk beroep.
**Valhalla**: ds Louis (LJ) Fourie is bevestig as leraar (termynpos) vanaf 1 Februarie 2015.

### ❖ Verjaarsdagwense - Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar het:

| | |
|---|---|
| 01/02 | Frikkie Delport [Pietersburg-Noord, 079 891 6211, frikkie@ngnoord.co.za] |
| | Ewald Schmidt [Nylstroom-Oos, 082 579 6648, ewald@ngoos.co.za] |
| 03/02 | Joggie Kotze [Dwaalboom, 060 383 0639, joggiekotze@koten.co.za] |
| | Sharaine Steenberg [Pretoria, 083 288 7755, sharaine@pen.org.za] |
| | AJ Prinsloo [Emeritus, 031 903 6890] |
| 05/02 | Tinus Benadé [Thabazimbi, 083 235 6438, mbenade@lantic.net] |

--------------------------------------------------------------------------------------------------------------

| | |
|---|---|
| 06/02 | Elize Berrangé [Rustenburg-Bergsig, 082 925 3634, pieterb@ngbergsig.co.za] |

## Emeriti nuus

### ❖ Uitnodiging

*Louis van Deventer* (in opdrag van die Taakspan vir Predikantebegeleiding) skryf soos volg:

"Indien u een van die geëmeriteerde dominees (emeriti) is, en die VERSKIL ontvang en lees, en nog nie 'n skrywe van my ontvang het nie (*of dalk ontvang het en nie gereageer het nie*), is u nou baie welkom om saam te werk. Laat hoor asseblief van u; my epos-adres is louisvand@absamail.co.za, of u kan ook vir Hermien Swart in die Noordelike Sinode se kantoor skryf by Hermien@noordsin.co.za
* Dit sal goed wees as vir ons in kennis stel van nuuswaardighede in u familie, soos siekte, dood, prestasies en ander.
* Ons weet daar is baie dominees wat oor die sestigs is en wat moet begin gereed maak vir aftrede. As ons mekaar in dié verband kan help, sal dit goed wees.
* Dalk kan daar 'n bietjie kommunikasie ontstaan tussen diegene wat aftrede oorweeg en die wat reeds daardeur is. Só sou ek byvoorbeeld kon begin deur twee boeke oor aftrede wat ek gelees het aan te beveel: *"The healing journey through retirement"* wat deur John Wiley uitgegee is, en *"How to retire happy, wild and free"* deur Ernie Zelinski.
* Uiteraard is beplannig en voorbereiding met die oog op aftrede noodsaaklik. Só is 'n emosionele gereedmaak vir die aanpassings van bv iemand met 'n posisie, verantwoordelikhede en 'n vol program na "niemand" sonder werk baie belangrik. Finansiële beplanning is uiters belangrik; besluite oor die hantering van u pensioen, beleggings, mediese fonds ens moet geneem word. Testamente en benoeming van begunstigdes moet op datum gebring word.

* **Inligting**: epos: wnicol@mweb.co.za of skakel 012 345 2927 of 083 966 7831.
* Inskrywings voor 25 Maart. [Lees hier meer…]

---------------------------------------------------------------------------------------------------------------

❖ **"Fresh Expressions" van die Kerk 2015 -** U word hartlik uitgenooi om die volgende kursus by te woon: Afskop op **04 Maart 2015** te **Polokwane** met 'n naweek te **Heron Bridge 29-31 Mei 2015**
** **6 kontakgeleenthede** vind plaas in Polokwane en word op 'n Woensdag van 09:00 – 16:00 aangebied
** **Afsluiting: Woensdag 30 September 2015**
** **Koste**: *R 2 750-00* p/p - Deposito: R1 200 deposito is betaalbaar
** **VBO-punte**: 60 punte
** **Kontak** Hannes Bezuidenhout, 083 382 1275, hannes@ngnoord.co.za
** **Taal**: Kursus sal in Engels aangebied word
>> Sien aangehegte dokument vir meer inligting

❖ **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**: Kursusse [kliek hier]

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Lys van leraars wat aangedui het dat hulle beskikbaar is** om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help - Kliek hier

❖ **Vakatures op Kerkbode se webwerf:** Heelwat vakante poste oor die land heen is tans beskikbaar. Die amptelike bekendmaking van vakatures vir predikante is by *www.kerkbode.co.za*. Klik by ***Amptelik – Vakatures***.

## Ten slotte

Soek die verskil… [kliek hier]

# BYLAES

## Biddag vir onderwys - 8 Februarie 2015

### Oorsig oor die stand van onderwys

Op die gebied van die onderwys is die uitdagings steeds enorm. Dit is egter ook so dat daar vordering gemaak is met sekere van die probleem areas. Die kerk is dankbaar dat daar talle rolspelers, van die minister van basiese onderwys tot by onderwysers in die klaskamer is, wat uitstekende werk doen. Die minister is een van die min politici wat bereid is om te erken dat daar probleme is. Dit is 'n stap in die regte rigting.

Van die groot uitdagings is steeds dat twee-derdes van alle skoolbeginners steeds nie 'n matrieksertifikaat behaal nie. Die 2.4%-daling in die slaagsyfer (75.8% in 2014 teenoor 78.2% in 2013) is allerweë verwag, as gevolg van die implimentering van CAPS (KABV). Sedert die inwerkingstelling van die jaarlikse nasionale assesseringstoetse (ANA's) in 2012 het die gemiddelde wiskundepunt vir gr. 9 van 13% tot 10,8% gedaal. Leerders se gebrekkige begrip van wiskundige konsepte, sowel as onderwysers se klaarblyklike gebrek aan die nodige kennis is die redes vir die swak punte. Die feit dat 80% van leerders nie in hul moedertaal onderrig ontvang nie, speel 'n bydraende rol.

Onreëlmatighede by sekere eksamensentrums het 'n klad veroorsaak op die 2014 uitslae. Hopelik sal maatreëls in plek geplaas word om soortgelyke insidente te voorkom.

Die Kerk sou graag 'n beroep op die departement wou doen om dit te heroorweeg om die name van leerders teenoor hul uitslae te publiseer. Leerders, ouers, onderwysers en skole wat streef na uitnemendheid verdien om daarvoor erkenning te kry. Positiewe erkenning het meer waarde as om die negatiewe te verbloem, wat uiteindelik die hele stelsel negatief raak.

Vanuit 'n kerklike perspektief is 2015 'n jaar wat die hofsaak rondom godsdiensonderrig op skole baie belangstelling sal uitlok. Ses skole is gewikkel in 'n hofaansoek wat hulle wil dwing om hul Christelike gebruike te laat vaar en dit ongrondwetlik te verklaar. Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) wat die skole in die aansoek bystaan, is van mening dat die hofaansoek die "omvangrykste en

